# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

August / Augustus 2021

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe




***Tommie Laubscher en sy pragtige Vrou Lyda wat altyd aan sy Regter Kant staan en altyd daar is vir hom. Sy maak tot hokke skoon. Lees Tommie se lewensverhaal binne.***





*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Redaksioneel / Editorial 3
Kom ons brag bietjie met ons aanteel 4
Wat het geword van die duiwe - Johan Britz 5
Bemarkingsverslag - Jan Lombard 6
N-v-d-V Streekskou - Stefan Brill 7
My lewe en duiwe of duiwe en my lewe - André Bruwer 10
My duiwe lewe van 1971 tot hede - Tommie Laubscher 14
Baby Doll in South-Africa - Charl Cillie 21
Scoreboard and Rules 24


## Birthdays

**W067 - Kobus van Niekerk - 03-Sep**
**K042 - Louis Davis - 03-Sep**
**K025 - Tommy Dickson - 04-Sep**
**W077 - Andries Cilliers - 04-Sep**
**B084 - Pieter van Vreden - 06-Sep**
**H004 - Nak Smit - 08-Sep**
**B069 - Heinrich Moldenhauer - 08-Sep**
**C026 - Sandra Botha - 10-Sep**
**B092 - Adrian Fleming - 11-Sep**
**S003 - Gerhard Joubert - 13-Sep**
**H028 - Jacobus van Zyl Smit - 15-Sep**
**D016 - Doynton Berry - 16-Sep**
**K026 - Shaun Shrosbee - 16-Sep**
**C047 - Edmund van Antwerp - 19-Sep**
**C050 - Fred Petrick - 19-Sep**
**W040 - Hennie Hattingh - 21-Sep**
**B007 - Ruben Kitching - 23-Sep**
**H044 - André Gunter - 25-Sep**
**B082 - Tommie Laubscher - 27-Sep**
**B096 - Klaas Lekalakala - 29-Sep**
**H001 - Barnard Steyn - 29-Sep**

***Die luiaard kyk en dink meer as om aan die gang te kom.***

## New members

**Andries Roelofse G047**
Posbus19
Olifantshoek
7358
Sel: 082 415 7358

**Ewalt Maritz G048**
PO Box 68
Griekwastad
8365
Cell: 078 120 5483









**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**


Februarie 2020


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



### *Voorwoord deur Christo Munnik*

Genade tog, alweer nie ‘n SA Kampioenskapskou in 2021 nie!! In 2017 was dit my taak nadat die Uitvoerende Komitee, waarvan ek deel was, besluit dat ek die Kampioenskapskou in Pietermaritzburg moet kanselleer want die “birdflu” wat erg uitgebreek het en erger geword het sou dit vir ons moeilik gemaak het om die waarborg te geen dat die lede se duiwe nie deur die “SPCA” verwyder en doodgemaak sou word nie. Die ander uitweg sou wees as daar ‘n siek duif was die duiwe in die saal versorg sou moes word tot alles verby is en geen duiwe siek was nie. Dit sou ook lede geld gekos het om toetse te laat doen deur ‘n veearts. Dit was die ergste ding wat ek as President van die Kwa-Zulu-Natal streek moes doen om die Donderdag voor die skou sou begin vir my mense te sê stop die skou is gekanselleer. Dit het vir wyle Neil Raw en wyle Jan Oelofse teen die grond gehad.

2018 en 2019 hou ons weer SA Kampioenskapskoue soos gewoonlik en ons kan met mekaar meng en vir mekaar liefde bewys deur duiwe te gesels en aanraking wat so belangrik is. Toe kom “covid -19” en ons mag nie met mekaar enige iets te doen hê nie want die ding steek aan soos vuur in ‘n droë grasveld. 2020 se skoue en die SA Kampioenskappe word gekanselleer ‘n gatslag twee skoue in soveel jare word afgestel.

2021 begin met groot opgewondenheid ons is in vlak een van die pandemie en die skoue kry die groen lig om te gebeur al die streekskoue en Jongduifskoue word gehou deur al die streke behalwe Noord Vrystaat wat net ook ‘n Jongduifskou aangebied het want hulle het vir die tweede keer ‘n kans om die SA’s aan te bied en almal hou asem op.

Toe gebeur dit, die President besluit dat ons weer teruggaan na vlak drie van die pandemie en dit beteken dat slegs 50 lede op ‘n slag in die saal toegelaat sal word en dat hulle 1.5 meter uitmekaar sal wees die pandemie word erger en weereens is dit die Uitvoerende Komitee se taak, nadat die lede ook besluit het dit gaan te gevaarlik wees vir die ouer lede waaruit die SASV in elk geval bestaan, dat die skou afgestel word.

Soos ek alreeds gesê het gaan dit vir my, en ek glo al die ander lede, om elke jaar vir ‘n week lank bymekaar te wees, vir mekaar hulle duiwe te wys, saam iets drink en eet en net vir mekaar te wys dat liefde en samesyn ook in die SASV belangrik is. Maar ons dank ons Vader in die hemel dat die duiweboere in die SASV meestal gesond gebly het.



**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# *Kom ons brag weer bietjie*



*Indian Fantail van Tommie Laubscher*




*Indian Fantail van Tommie Laubscher*



*Indian Fantail van Tommie Laubscher*



*Birmingham Roller van Karel-Jan Smeda*

**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner, Working Homer, Oriental Roller, Holle Cropper, American Showracer, Chinese Owl, en Stargard Shaker, Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021




**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



***Wat het geword van die duiwe van ou en oorlede lede van die SASV?***

***Johan Britz***

Goeie naand Cora, Christo,

Ek vertrou dat dit nog goed gaan met jul.

Ek wil graag 'n voorstel maak vir plasing in die Sierduif, naamlik om 'n poging aan te wend om die oorspronklike gene poel van ons ou duiwe boere te probeer opspoor. Dit sal baie interresant wees om te weet wat van die telers se duiwe geword het.

Daar is n klompie name wat ek kan onthou vanuit die laat 70`s en 80`s. Alle respek aan die lede wat reeds oorlede is.

Professor Jaap Smit: Tailmarked Fantails
David Malan: Fantails
Louis Koen: Modenas
Fred Townsend: Satinette and Jacobin
Coen Butler: Swart Fantails
Lance Orchard: Satinette and Blondinette
Lou Brits: Croppers
Dirk Ackermann: Groot verskeidenheid
Dave Meads: Archangels and Gimpels
Rita Kasselman: Chinese Owls
Ken Rosevear: Saddleback Fantails and Jacobins
Spiro Galatis: Modenas
Riaan du Plessis, Modenas
Jan Coetzee: Nuns and Mookees
Wilmar Boerdery: Modenas
H.B. vd Walt, Saddleback Fantails and Modenas
Daan Strydom: Mookees, Frillbacks and Modenas
Rodney Stevens: Modenas, Blondinette and Swallows
Andries Roodt: Mookees, Kartelrue, Bodemtuimelaars, Jakobyne
Stewart.Patterson, Satinette en English L/F Tumblers
Dick en Gerhard Hattingh en Mookees,
Kobus Snyman en Modenas
Nici Koekemoer, Modenas
Oom Gert Bierman, Mookees en Modenas
Oom Sarel Viljoen, Modenas en Blaasduiwe
Jan Cromhout, Mookees
Johnny Conradie, Birmingham Rollers
C. le Roux, Fantails en Modenas
W. Muller, Jacobins
Neels Prinsloo, Modenas
Ben Ricketts, Modenas
Bill Rodgers, Modenas
Otto Schwagger, Modenas, Gimpels en Mookees
Peter Vertue, Modenas
Warren Klopper, Modenas en Jacobins
Tannie Cecile Pretorius, Frillbacks
Hannes Hugo, Modenas
J. Scheepers, Modenas en Satinette
Nico v/d Westhuizen, Fantails
Koos Conradie, Satinette
Koos van Zyl, Archangels
Cobus Verster, Lahores
Corrie van Reenen, Modenas
Flip Bester, Modenas en Mookees
Vic Otto, Modenas




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**



**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

Toppie Jansen, Birmingham Rollers
Oom Daan Joubert, Mookees
R. Laventhal, Fantails
T. Kruger, Modenas
Ken Carrod, Modenas
Hannes Hugo, Modenas
Johnny Rosin , Kings
Rouxtjie Roux, Runts, Grosse, Kings
Wynand Wessels, Dragoons
Oelofse broers, Modenas
Oom Sarel Koen , Fantails
Oom H. v d Linde , Fantails
Gerhard vd Bank, Modenas
Koos Piek, Kings
Henco Boerdery, Fantails, Mookees, en Frillbacks
Gerhard van Beek, Modenas
Oom Saag v Wyngaard, Kings
Oom Frik Knoetze, Modenas en Strassers
Nico Nortje, Modenas
Kobus Blaauw, Fantails
Hennie Cloete, Nonne en Birmingham Rollers
G. Bancroft, Fantails
Koot Serfontein, Modenas
Baltus Griesel, Modenas

Hierdie is name wat ek van 40 jaar gelede kan herroep. Meeste van is vriende is dalk reeds oorlede en daarom is dit noodsaaklik dat ons probeer uitvind wat van hierdie duiwe geword het. Dit sal ook goed wees om te weet wie van ons ou vriende reeds oorlede is en is van hul stoet duiwe / nageslagte bewaar. Wie het van hierdie era se nageslagte. Hierdie is name wat ek kon herroep, maar die ouderdom begin ook tel, kan dus nie almal onthou nie.

As ek let na die hoeveelheid Modena telers van daardie tyd kan ek byna nie glo dat hul nou so skaars is nie. Jul kan moontlik nog etlike name byvoeg by hierdie lys . Dalk is jul nog bekend met van hierdie inligting.

Dit sal gaaf wees indien jul hierdie inligting kan aanwend en n artikel daaroor skryf aangesien jul die spesialiste op hierdie gebied is. 'n Vrae lys kan moontlik saamgestel word om van hierdie inligting te bekom. Ek is bereid om behulpsaam te wees indien nodig.

Ek vertrou dit sal die herinneringe weer terug roep en van hulp wees.

Vriendelike groete en sterkte met die groot taak, dankie vir die Sierduif.

Johan Britz G046



## *Bermarkingsverslag SASV Nasionale*

***Vise President***
***Jan Lombard***

2020/21 was in baie opsigte 'n jaar wat ons gou wil vergeet. Met die uitbreek van die Covid-19 pandemie en die grendeltyd is al ons drome van duiweskoue gekelder. Vir die wat geliefdes en vriende afgestaan het, my innige meegevoel. Met geen aktiwiteite om te bemark nie, was ek gelaat met 'n uitdaging. My aanvanklike bemarkingsidee was 'n kleurvolle plakkaat om in "pet shops" op te sit, maar sonder om te weet wanneer enige aktiwiteite hervat sou kon word, het ek besluit om vereers nie enige SASV fondse te spandeer nie.

Ek het my toegespits op gratis reklame op sosiale media. Ek het 20+ "posts" geplaas op die SASV/ SAFPA Facebook blad. Ek het 'n paar artikels vir die nuusbrief geskryf. 'n Bemarkingsplan met 'n klompie idees is aan al die streke voorgele. 'n Opmerking is gemaak dat 'n plan op papier niks beteken nie. Ek stem volkome saam: 'n plan word eers 'n aksie wanneer dit uitgevoer word. In Noord van die Vaal het ons die idees beproef en getalle getrek wat laas in 2015 oortref was. Prysgeld van R1780 is aan die top-7 vertoners uitbetaal, en elke vertoner het iets waardevols deur 'n "lucky draw" gewen. Die geleentheid is ook benut on 'n paar items uit te loot ter sterking van ons fondse. Nommers spreek vanself; maar net die lede kan getuig of die plan 'n sukses was.

Die inhoudsopgawe van die skouskedule is verander sodat rasse alfabeties volg, om jou rasse makliker te vind. Die aansoekvorm is ook gewysig sodat dit elektronies ingevul kan word. Dit het bygedra tot gebruikersvriendelikheid.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

'n Duiwedag oor oorerwing is by my huis gehou. Dit is deur 'n paar NvdV lede bygewoon.
Ek was bevoorreg om op Nelspruit, Krugersdorp, Bloemfontein en Potchefstroom te kon skou. Oostelike streek het uit die "box" gedink met hulle skou in die parkeerarea van 'n "mall". Daar was 'n paar aspekte wat kan verbeter, maar hulle idee verdien aandag. Dit gee goeie blootstelling aan die publiek.

Op Internasionale gebied is 'n gesprek aangeknoop met Cam Datanagan van Hawaii om hier te kom beoordeel. Hy dien op die direksie van die Amerikaanse NPA. A.g.v. Covid19 inperkings is die planne eers op ys gesit. Ons beplan om die 2022 Europa skou in Kielce, Pole by tewoon, en daarna die Wereld skou vir rasse uit Modena, Italie, wat in StraSSkirchen Duitsland gaan plaasvind. Hopelike kan ek weer daar as ambassadeur vir die SASV optree - as ons mag reis. Brad Stuckey (nog n VSA NPA direkteur) en sy vrou beplan om die reis mee te maak, waartydens bande tussen die SASV en NPA verder uitgebou sal word.

As ek 'n paar individue mag uitsonder wat baie gehelp het met bemarking binne die SASV, wil ek by Marleen Esterhuizen begin. Sy doen uitstekende werk as Nasionale Webmeester. Ek dink nie almal besef hoeveel tyd en toewyding dit vereis nie. Dankie aan Cora vir die nuusbrief. Die bemarkingswaarde moenie onderskat word nie. Dan is daar Danie en Pearl wat ook baie doen op Nasionale vlak. Dit gaan nie ongemerk verby nie. Die SASV behoort egter aan ons almal. Elke lid behoort dit te bemark deur goeie gedrag, positiewe gesprekke, hulp aan beginners, goeie sportmangees en verspreiding van kwaliteit duiwe. Ons bid en vertrou dat die komende jaar 'n beter een gaan wees vir ons stokperdjie.

Groete



***Noord-van-die-Vaal Streekskou***

***Datum: 22 Mei 2021***

***Stefan Brill***

| ***Region*** | ***Exhibitors*** | ***Entries*** |
|---|---|---|
| ***KwaZulu-Natal*** | ***1*** | ***7*** |
| ***Noord Van Die Vaal*** | ***23*** | ***480*** |
| ***Noord Vrystaat*** | ***5*** | ***113*** |
| ***Oostelike Streek*** | ***7*** | ***197*** |
| ***Vrystaat*** | ***2*** | ***11*** |
| ***Wes Transvaal*** | ***4*** | ***75*** |
| ***Totaal*** | ***42*** | ***883*** |

## Breed Winners Seniors

| **Breed** | **Class** | **Colour** | **Sex** | **Name** |
|---|---|---|---|---|
| **Brunner Pouter** | 8 | White | OC | Gerhard van Aswegen |
| **Norwich Cropper** | 75 | AOS Colour | OH | Dirk Scholtz |
| **Dutch Cropper** | 86 | ASC Check | YC | Jan Labuschagne |
| **Holle Cropper** | 160 | Red Check | OC | Estreux Boerdery |
| **Pigmy Pouter** | 190 | AOS Colour | YC | Marleen Esterhuizen |
| **Voorburg Shield Cropper** | 229 | Blue Bar | YH | Marleen Esterhuizen |
| **Marchenero Pouter** | 302 | AOS Colour | YC | Robertson Lofts |
| **Canaria Cropper** | 333 | AS Colour Pied | YH | Robertson Lofts |
| **King** | 356 | White self | OC | Chris de Bruin |
| **Gros Mondain** | 408 | Grizzle A Shade | OC | Gawie Gertenbach |
| **Runt** | 424 | AOS Colour Bar | OC | Pieter Duvenage |
| **American Giant Runt** | 456 | Grizzle A Shade | OC | At van Jaarsveld |
| **Mookee** | 462 | Black Self | YC | Ruben Kitching |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Carrier** | 502 | Dun / Brown Self | YC | Pieter Smit |
| **Dragoon** | 524 | Blue & Silver Bar | OC | Nico van Rensburg |
| **Barb** | 555 | Black Self | OH | Dirk Scholtz |
| **African Toy** | 578 | White Self | YC | Johan en Erika de Kok |
| **English Trumpeter** | 597 | Black & Dun Self | YH | Nollie Oosthuizen |
| **Fantail - Barred** | 665 | Silver | YH | Nico van der Westhuizen |
| **Modena - Schietti Marked** | 891 | White Self | OH | Ruben Kitching |
| **Nun** | 951 | Black | OH | Gawie Gertenbach |
| **SA Botternek Tumbler** | 964 | Standard Colour | OC | Van Zyl Boedery |
| **English L/F Tumbler - C/L** | 992 | AOS Colour | OC | At van Jaarsveld |
| **English L/F Tumbler - Muffed** | 995 | Black or Dun | OH | Charl Naudé |
| **Tumbler Helmet M/F (Crested)** | 1043 | Red & Yellow | OH | Johan en Erika de Kok |
| **Vienna L/F Tumbler - C/L** | 1084 | AS Colour Bar | OC | Herman Wessels |
| **Vienna L/F Tumbler - Muffed** | 1092 | AS Colour | OC | John Gerber |
| **Felegyhazaer Tumbler** | 1115 | Red & Yellow | OH | Tommy Laubscher |
| **Polish Helmet** | 1172 | Red & Yellow | OC | At van Jaarsveld |
| **Oriental Roller** | 1194 | Red/Yellow Agate | YC | Gerhard van Aswegen |
| **Portuguese Tumbler** | 1206 | AS Colour | YC | Estreux Boerdery |
| **Old German Owl** | 1266 | AOS Colour Bar | YC | Tommy Laubscher |
| **Oriental Frill -Satinette** | 1304 | Black/Dun Laced | OC | Shaun Smeda |
| **Oriental Frill - Blondinette** | 1316 | Black/Dun Laced | OC | Shaun Smeda |
| **Italian Owl** | 1339 | AS Colour | OH | Chris de Bruin |
| **Chinese Owl** | 1358 | Mealy | YC | Gerhard van Aswegen |
| **Birmingham Roller** | 1417 | Black & White | YH | Corrie Oosthuizen |
| **SA Distance Roller** | 1436 | AStC Muffed | OC | Tommy Laubscher |
| **German Beauty Homer** | 1450 | Blue Bar | YC | John Mowat |
| **Show Racer** | 1482 | ASC Check | YC | Herman Wessels |
| **Working Homer** | 1513 | AS Colour Check | YH | Gerhard van Aswegen |
| **Syrian Dewlap** | 1558 | AS Colour | YC | Estreux Boerdery |
| **Old German Owl** | 1266 | AOS Colour Bar | YC | Tommy Laubscher |
| **American Show Racer** | 1596 | Dark Check | OC | Van Zyl Boedery |
| **Polish Lynx** | 1644 | Blue Spang/Lace | OC | Johan en Erika de Kok |
| **Lahore** | 1666 | Any Colour Bar | YC | Johan en Erika de Kok |
| **Strasser** | 1778 | AOS Colour | YC | Chris de Bruin |
| **Cauchois** | 1796 | AS Colour Bar | OC | Chris de Bruin |
| **Ice Pigeon - Muffed** | 1808 | SC Barless | OC | Robertson Lofts |
| **Old Dutch Capuchine** | 1864 | Yellow | OC | Hennie Hattingh |
| **Damascene** | 1888 | Standard Colour | OC | Pieter Duvenage |
| **Modeneser** | 1929 | ASC Schietti | YH | Jan Lombard |
| **Dutch High Flyer** | 1980 | Red Shield Teagered | OC | Pieter Duvenage |
| **Danish Suabian** | 2042 | Red & Yellow | YC | Johan en Erika de Kok |
| **Jacobin** | 2118 | AO Standard Colour | YC | Nesley Topham |
| **Frillback** | 2134 | Blue Grizzle | YC | Johan en Erika de Kok |
| **Indian Fantail** | 2230 | AO Standard Colour | YC | Tommy Laubscher |

## Breed Winners Juniors

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Gros Mondain (JNR)** | 2416 | AS Colour | OC | Mari Wessels |
| **Birmingham Roller (JNR)** | 2704 | AS Colour | YC | Karel-Jan Smeda |

***Dis nie die manier waarop hy skop nie, maar die manier waarop hy trek wat die muil bruikbaar maak.***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Top 7 uitslae Seniors en top 2 Juniors



***Kampioen Duif***
***Dragoon***
***Nico v Rensburg***
***NVDV***



***1ste Reserwe en Beste Jongduif***
***Tommy Laubscher***
***Indian Fantail***
***NVDV***



***2de Reserwe***
***Strasser***
***Chris De Bruin***
***NVDV***




***3de Reserwe***
***Working Homer***
***Gerhard v Aswegen - NVDV***



***4de Rserwe***
***Birmingham Roll-er***
***Corrie Oosthuizen***
***NVDV***



***5de Reserwe***
***SA Botternek Tum-ber***
***Willie van Zyl***
***NVDV***



***6de Reserwe***
***English L/F Tum-bler C/L***
***At van Jaarsveld***
***Oostelike streek***




***Beste Junior Duif***
***Birmingham Roll-er***
***Karel-Jan Smeda***
***NVDV***



***Reserwe Junior Duif***
***Gros Mondain***
***Marié Wessels***
***NVS***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *My lewe en duiwe of andersom, duiwe en my lewe?*

***Andre Bruwer Kakamas***

My eerste kennismaking met duiwe dateer terug na die middel sewentiger jare, nou so 'n paar in die veertig jaar later, so hier gaan ons:

In die mid sewentiger jare kom hervestig my ouers hulle weer in Kakamas, waar my pa grootgeword het, vanuit die destydse Suidwes-Afrika, waar ek gebore is en skoolgegaan het tot daardie stadium. Moeilike jare met die 1974 vloede in die Benede Oranje daai tyd, en nie maklik vir n beginner boer nie!



Iewers in die opvolgende jare, nog in my laerskool jare, belowe my Pa my 'n duiwehok met duiwe, wat toe ook op 'n stadium realiseer. Hok was gebou, en die opgewondenheid was groot toe ek my eerste paar duiwe saam met my pa gaan haal by oorlede oom Dawid Rykheer. ;n Paar Swart "Saddleback Fantails" neem intrek in my nuwe hok.

So tussen deur het ek daardie tyd agter gekom dat die Fantails ook maar my pa se keuse was, op sy jonger dae het hy in Suidwes Afrika nogal groot geteel en geskou, selfs Fantails ingevoer daai jare, ek



het nou nog n SA Bruwer wisseltrofee wat daardie jare die ronde gedoen het, in my besit!

Die dag met die gaan haal van die Fantails by oom Dawid het n ander wêreld oopgegaan vir my, daar



was baie soorte duiwe, Faintails, Modenas, Slagduiwe (Runts), en nog talle ander. Die verskeidenheid van duiwe, kleure, en so voorts in die agterplaas van die oom met die groot grasperk omring deur duiwe hokke sou ons nog baie jare telkens terugvat na oom Dawid toe.

Ek het bevriend geraak met Dawie van den Heever daai jare ook, duiwe het ons maar bymekaar gebring, en saam het ons maar gereeld by oom Dawid begin kuier, ook later by sy buurman wat ook met slagduiwe geboer het, oom Koos. Hy het sulke mooi groot Bluebars gehad! Ek onthou die uittog



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

bykans elke Saterdag, ek en Dawie met die fietse dorp toe, na oom Dawid en sy duiwe toe, baie daar gekuier!



Die een paar Swart Fantails het ook baie vinniger meer geraak, rasse het bygekom, onder andere die slagduiwe (Runts). So deur ons skooljare het



ek en Dawie en nog 'n pel maar duiwe geboer, geruil, gesmous, elke naweek as ons bymekaar kom. Hokke is aangebou, baie stry gekry oor al die mielies wat my duiwe opvreet ens!

Ons is deur die skooljare, goeie duiwe jare, na skool was daar mos maar die "oorbruggingsjare", maar



teen vroeg 1986 toe ek terug is en saam met my pa begin boer, het ons ernstig duiwe begin boer. Intussen het ons van die SASV gehoor aangesluit, lewenslank (so committed was ek al daai tyd) en met Dawie wat ook op daardie stadium al werksaam was in Kakamas, het ons duiwe boerdery floreer.

Nuwe rasse is beproef, party gekom en gebly, ander gekom en gegaan, maar die Runts en die Fantails was maar steeds die anker rasse in my duiwe boerdery. Ons het daai jare geskou in Kimberley, Griekwaland – Wes, blywende herinneringe van daai jare was Oom Frik en Tannie Sarie Knoetze, ons was soos kinders in die huis, naweke met skoue daar gebly, gehelp, gewerk, geskou, ek toe al met 'n vrou ook aan my sy! Hier het ons ander duiwe manne leer ken, ander soorte duiwe, en so voorts, en was dit ook nodig, want ek was maar by n kruispad met die Runts van oom Dawid en Oom Koos na al die jare.

Dis hier waar ek oorlede oom Adam Wessels en Nick Kemp daar van Wesselsbron leer ken het, omdat my vrou uit daardie wereld kom, het ek in die jare daarna ook baie by hulle gekom en hulle duiwe boerderye bewonder. Oom Nick met die hordes hokke, elk met 'n eie ras in, Oom Adam se Runts, daardie hokke, 50 meter af, en dan draai die hok 90 grade links vir nog 50 meter!!!!!!!. Ons moet vandag verstaan hoekom daardie runts so groot en sterk was, hulle kon oefen en vlieg, daar was spasie. Vandag broei ons hulle in 1 x 1 meter hokke en verwag dieselfde en beter duiwe?

So sou dit dan ook kom dat oom Adam my op 'n dag bel en vra of ek sy Runts almal wil oorneem, hy wou hulle graag vir my laat kry. Nodeloos om

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

te sê ek en Dawie het hier ‘n bakkie vrag boxse bymekaar gemaak, en is weg Wesselsbron toe met ‘n Hilux en sleepwa om al daai Runts te gaan haal.

Op ‘n stadium begin ek ‘n projek om die Runts te verbeter met Amarican Gaints, n lang termyn saak



gewees, waaroor ek nooit regtig kon besluit of dit die moeite werd was nie, maar die Runts bly staan! Moeilik om vrede maak dat die kanse om met ‘n Runt skou wenners te teel, maar baie skraal is, inteendeel nie bestaan nie! Dalk ook ‘n rede hoekom nie baie mense met hulle teel nie, maar vir my bly die ras “groter” as pryse wen, en sal hulle altyd by my bly. Beoordelaars se oordeel en vertolking van die standaarde is ‘n riglyn, maar kan my teling van koers af bring nie. Ek dink die bewys daarvan is die netjiese Runts, sonder hangvlerke, Sables, X Bene, oop rue, en so voorts. wat vandag in ons hokke is, wens baie keer ek het daardie jare fotos geneem wat ons nou kon gebruik ter vergelyking.

Moes ook maar teen die opdraande klap teen die deur van die bakkie dat die duiwe kan opvlieg sodat ons die bulte kon uitkom oppad terug! Die groot uitsorteer het begin, baie runts is geselekteer, baie is tot niet gemaak, maar ek was tevrede met my stoet.

So vorder die jare met die Runts en ook die ander duiwe, die Faintails bly ook nie agter nie, daai jare kry ek onder andere by oom Toekie van Biljon en nog iemand in die Strand Swart Faintails, so die Faintails bly maar met my. Ander rasse soos Uile, Modenas, en so voorts kom so by tye na vore, maar die basisse bly stewig



Corrie Oosthuizen
Breeder of True Performing
Birmingham Rollers

Contact Details:
9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein
Cell: 076 889 4199
e-mail: corrie.g2018@gmail.com



Januarie 2021

Terug na die Fantails toe, so ongeveer 10 jaar terug op een van die duiwe togte in die Kaap kom ek af weer op Saddlebacks by iemand. By navraag, en na ek die duiwe by die man gekoop het, verstaan ek dat die duiwe van 'n persoon in Oudtshoorn



kom. Ek maak toe dadelik kontak met ene oom Johan Standard van Oudtshoorn, en ry dan ook sommer huistoe via Oudtshoorn, 600 km draai!



Hier ontdek het toe 'n hele stoet Fantails, hoofsaaklik saddles. Oom Johan was nooit lid van die SASV nie, en het ook nie geskou nie, maar die duiwe was mooi, hy het 'n oog vir hulle gehad. Ek het dan ook 'n paar duiwe hier gekry, en na 'n lang, hegte vriendskaps verhouding bel Oom Johan my ook eendag om alle duiwe te kom haal, en toe is ek weer totaal in die Faintail ding in.

Oom Johan is deesdae in 'n aftree oord in Mosselbaai, en ons skakel steeds gereeld met mekaar! Intussen het daar in die Fantail wêreld, en spesifiek die Faintailklub, manne soos Oom Tom Ryke, Frik Butler en so voorts meer prominente vriende geraak, en is ek deesdae steeds maar besig met kleurteling in die faintails. Saddlebacks sal altyd



my "softspot" bly, maar Tailmarks en ook my jongste poging, Bodymarks, kom sterk na vore. Die grootste uitdaging vir my bly maar om die regte kleur (merke) op die regte "tipe" duif te kombineer, en die net 'n perfekte "bouvorm" Faintail te probeer teel nie. Dis n mindset om maar vrede te maak om vir 'n onbepaalde tyd maar net 'n "vertoner" van hierdie kleur duiwe te wees, en nie noodwendig raswenners in terme van tipe te teel nie! Maar ons

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

werk daaraan!



Duiwe boer is soos enige ander tydverdryf, daar is voor en nadele in alle gevalle, party ouens speel golf, ander boer duiwe, alles dieselfde. Ek kan my egter nie indink hoe dit dit moet wees om nie duiwe te hê nie, al is my tyd baie keer te min na my sin wat ek met die duiwe spandeer.

Verder hou ek my maar besig met boerdery onder andere hoofsaaklik besproeiing, wingerd in alle vertakkings, en ook veeboerdery, beeste, skape en ook wild. Teling kom maar sterk na vore met 'n Brahman Stoetery onder andere, skilder Persie skape en Dormers. Ek jag graag, en fasiliteer dit ook as ons droë wereld dit toelaat!

Laaste goue reel: Daar is 'n paar dinge in die lewe




waar jy nodig het om jou "calculator" weg te gooi, dinge soos duiweboerdery, jag, vlieg, en so voorts, in my geval. Dis nodig om te oorleef!!!

Andre Bruwer
Noord Kaap



## *My duiwe lewe van 1971 tot hede...*

***Tommie Laubscher***

Ek is gebore 27 September 1965 in Roodepoort. Ek het grotendeels groot geword by my Oupa en Ouma. Ons het eers in die dorp gewoon en in 1971 Roodepoort Noord toe getrek, waar ek dan my skool loopbaan by Joshua Naudé Laerskool begin het. Dis in die deel van die dorp waar ek vertroud geraak het met budjies, hoenders en duiwe. My Oupa het n masiewe hok gehad waarin hy budgies geteel het en sekerlik die hele rand voorsien het met die pragtige voeltjies.

Nou van waar kom die liefde vir duiwe? By ons het dit so gewerk, as jy iets wil hê of verander dan moet iets wat jy reeds het eers gaan. Ek het begin met 'n paar lagduifies, hulle verkoop aan petshop en geld gebruik om Resies duiwe te koop, hulle ook verkoop aan petshop en geld gebruik om Fantails te koop, hulle aan 'n maat verkoop en geld gebruik om Rollers te koop. Dis toe net daar wat ek vas staan en rollers het tot vandag toe.

Hoe die roller gogga my gebyt het: So skuins van ons in die volgende blok het ek in 1971 een middag in die lug op gekyk en die duiwe gewaar. Dit was vir my absoluut betowerend hoe die duiwe agteroor bollemakiesie maak en weer by die groep aansluit. My Oupa het gewoonlik so 04h30 van die werk af gekom en ek het hom ingewag en vertel van die duiwe wat ek gesien het. Hy vertel my toe dis tumblers en saam stap ons toe af om die eienaar se huis te gaan soek.

Ons kon die huis van die rollers maklik op spoor, want hulle vlieg toe nog op die dak heen en weer. Daar kennis gemaak met 'n oom "Makietrik". Tot dan het ek altyd so 10 sent 'n duif betaal, maar die oom wou 25 sent 'n duif hê. Wel daar verkoop ek die hok vol fantails en gaan koop vir my 4 pare Rollers. Ek het met die rollers gou 'n hok vol geteel en hulle begin vlieg, moet sê goeie tye gehad met hulle en met die hulp van my Oupa en Oom het ek

heelwat geleer van duiwe teel en vlieg.

Daai tyd was ‘n 50kg sak duiwe kos maar ‘n paar sent en dan het Oom Ben van die dorp se boere-benodighede dit nog vir my af gelewer ook. Ons het nie ‘n kar besit nie en het maar geloop dorp toe, so 4km stappie om inkopies te gaan doen. Baie saam met my Ouma gestap en elke keer by pet-shop gaan draai maak. Ek het haar elke keer om gepraat dan koop sy my ‘n dag oud kuiken vir ek dink 5 sent. Toe ek my oë uitvee toe loop daar 10 spier wit hane in die erf rond.

Heelwat later so 1978 ontmoet ek vir Amos Slabbert, sy seun Japie en Baba Gomes van die CPRC roller club. Ek het by die klub aangesluit en begin kompeterend raak met my rollers. Daai dae het ons met stop horlosies beoordeel en nie te min mag ek sê, het ek ook wonder bo wonder my eerste kompetisie wat ek gevlieg het in CPRC klub gewen. Die roller manne van daai tyd was rof, as jy nie drink, vloek en baklei nie het jy moeilik in gepas. By gesê dit was een van min kompetisies wat ek gewen het. Die manne het hulle mes in gehad vir die jongeling wat so arrogant voorgekom het. My dae in die klub het nie lank gehou nie ,

In die vroeë 80’s begin Ek saam met Gideon van Niekerk RRDK (Roodepoort Roller Duif Klub). Ek ontmoet ouens Soos Johny Rocher, Piet Range, Ben van Heerden en ‘n paar ander. Daar begin ek toe ‘n ander taal leer wat die roller bedryf aanbetref. Ek begin praat van Bob Brown, Ernie Stratford, Olly Harris, Ken White en so voorts. Ek kry by Johny Rocher ‘n Spangle kok wat basies maar uit Bob Brown se bloed geteel is. Ek “trap” ‘n Swart Ben van Heerden hen en hou haar natuurlik toe vir myself. Ek bekom n Check kok van Adam Stander wie se seun Ben, saam my op skool was. Ek teel toe vir my ‘n familie duiwe uit die paar duiwe uit.

1983 Skryf ek Matriek en doen my ambag by die SA Poskantoor as Elektroniese tegnikus. Tydens die volgende jare het ek nie veel kompeteer met die duiwe nie, want motorfietse en uitgaan saam pelle het prioriteit verwerf. Einde1987 kwalifeer ek en bedank onmiddelik by die poskantoor. Ek is dadelik weg weermag toe vir 2 jaar. Eerste jaar op inligting skool Kimberley, 2de jaar by 3 Elektroniese werkswinkel in Pretoria waarvan ek ‘n paar maande op Oshakati gespandeer het as ‘n Swerwer. My duiwe het by my Ouma en Oom gesit vir die 2 Jaar en my Oom het hul versorg vir my. My Oupa is oorlede in 1982.

1990 trek ek Randfontein toe, bou duiwe hokke en gaan haal my duiwe by my Ouma. Ek teel ‘n klompie en begin hulle vlieg. Intussen het ek met Kon van der Westhuizen in aanraking gekom en hy help my toe met ‘n paar Thompsons. Ek werk toe aan twee families en noem hulle later my Tortoishells en Check Bolls. Ek ontmoet vir Corrie Oosthuizen en Christo Munnik rondom 1991 nadat ek hul roller berig gelees het in die plaaslike Herald. Sluit by die RDBR (Randfontein Distrikte Birmingham Rollers) klub aan en begin kompeteer. Christo en Cora is kort daarna weg Kittie toe, in Virginia .



***Vroeg 90’s RDR (Randfontein Distikte Birmingha Rollers) prys uitdeling. Let op hoe Christo af kyk as Cora my aandag gee.***

Ons het baie lekker by hulle gaan kuier in die jare wat gevolg het as ons gaan skou het in Welkom. Ek kan nog goed onthou hoe Corrie aan die slaap




**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**

**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**


**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? The perfect bird!**
Julie 2020


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**
**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

